



Verwysing: 20170721-3146  
6/2/1/1  
Navrae: MJ Hendricks

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0005/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumkoördinerings- en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinerings- en -advies, Adjunkhoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings

**Onderwerp: Verifikasie van die kwaliteit van meubels wat deur gekontrakteerde verskaffers van die WKOD by skole afgelewer word**

## 1. Inleiding

- 1.1 Die doel van hierdie minuut is om alle distrikskantore en skole in kennis te stel van die verpligtinge van gekontrakteerde diensverskaffers en skole om te verseker dat die meubels wat afgelewer word, van 'n goeie gehalte is.
- 1.2 Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) beskik oor 'n driejaarmeubelkontrak met verskaffers om meubels aan alle skole in die Wes-Kaap te verskaf. Hierdie kontrak behels 31 skoolmeubelitems. Skole word versoek om seker te maak dat alle meubelitems deeglik by aflewering nagegaan word om seker te maak dat alle meubelitems geen gebreke en/of skade het nie.
- 1.3 Die kontrak tussen die verskaffer/s en die WKOD maak voorsiening vir 'n waarborgtydperk van 12 maande vanaf die datum van aflewering aan die skole waartydens die verskaffer die item sal vervang indien dit binne die waarborgtydperk gerapporteer word.
- 1.4 In die geval van staalraamstoele, sal die raam- en polipropileensitplekke binne die eerste drie jaar van ontvangs herstel word, by gebreke waarvan dit vervang moet word.
- 1.5 Die waarborg op die stoele sluit die herstel van skroewe wat die sitplek aan die raam heg, asook die nylon-/polipropileenproppe op die punte van stoelpote in.

1.6 Ingevolge herstelwerk soos genoem in 1.5 hierbo, moet die diensverskaffer binne sewe werksdae nadat hulle van so 'n vereiste in kennis gestel is, skroewe met nuwes vervang of proppe op punte van stoelpote aanbring.

## **2. Prosedure vir die rapportering van gebreke en/of skade**

2.1 Die kontrak maak slegs voorsiening vir die aflewering van meubels by skole gedurende die amptelike werksure op woensdae tussen 08:00 en 15:00, tensy anders met die prinsipaal gereël.

2.2 Dit word in die vooruitsig gestel dat, sou die behoefte ontstaan, skole wat defektiewe meubels ontvang het, die WKOD-hoofkantoor dadelik in kennis moet stel deur 'n skriftelike verslag met foto's aan die Subdirektorat: Toerusting te stuur vir die aandag van mnr MJ Hendricks (22ste Vloer, Goue Akker-gebou).

2.3 Die WKOD sal met die verskaffers skakel om herstelwerk so spoedig moontlik uit te voer.

Hierdie minuut moet saamgelees word met die omsendbrief oor die riglyne vir aanskaffing van toerusting en meubels wat jaarliks uitgereik word.

**GETEKEN:** HA LEWIS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**

**DATUM:** 2017-07-25